

VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Aansoeknommer : 2270/2010

In die aansoek tussen:-

CORNELIUS JOHANNES POTGIETER

Gebore en getroud

buite gemeenskap van goed

Applikant/Respondent

en

HIGH POINT TRADING 733 BK t/a

HIGH POINT BRIDGING

Respondent/Aplikant

CORAM:

VAN ZYL, R

AANGEHOOR OP:

16 MAART 2012

GELEWER OP:

19 APRIL 2012

- [1] Respondent het as aplikant onder bogemelde aansoeknommer 'n aansoek gerig vir die sekwestrasie van aplikant as respondent. Nadat 'n voorlopige sekwestrasiebevel verleen was, het aplikant respondent se vordering van 'n finale sekwestrasiebevel geopponeer. 'n Finale sekwestrasiebevel is egter wel deur my verleen.

- [2] Applikant/Respondent doen nou aansoek om verlof om te appelleer teen laasgenoemde bevel deur my verleen en teen die geheel van my uitspraak daaromtrent. Vir doelmatigheidsredes sal ek verder in hierdie uitspraak verwys na die partye soos gesitêr in die sekwestrasie-aansoek.
- [3] Soos tereg deur Mnr Cilliers, namens applikant, by die aanvang van sy betoog uitgewys, is die toets wat in 'n aansoek om verlof om te appelleer toegepas moet word, die vraag of daar redelike vooruitsigte bestaan dat 'n ander hof, synde die Hof van appél, tot 'n ander gevolgtrekking sal kom wat die hof *a quo* se bevindings en gevolgtrekkings betref. Sien S v ACKERMAN 1973 (1) SA 765 (A) op 767 A; BOTES AND ANOTHER v NEDBANK LIMITED 1983 (3) SA 27 (A) op 28 C - D
- [4] Dit blyk uit die kennisgewing van appél dat die voorgenome appél van respondent daarop gebaseer is dat ek fouteer het wat betref die volgende feite en/of regsvrae:

FEITLIKE INSOLVENSIE:

Aldus die kennisgewing van aansoek om verlof om te appelleer is fouteer deur te bevind dat applikant bewys het dat respondent feitelik insolvent is. Hierdie gronde van respondent se aansoek om verlof om te appelleer, is aldus voormelde kennisgewing op die volgende gebaseer:

- “1. In besonder het die Agbare Regter fouteer deur te bevind dat Applikant in paragraaf 11.2 van die funderende eedsverklaring beweer het dat Respondent *de facto* insolvent was (uitspraak, par 23).
2. Daar ‘n aanspraak was op die roerende goed waarop beslag gelê is, en gevolglik afgelei kan word dat daar nie andersins voldoende vervreembare goed gevind kon word ter voldoening van die vonnis nie (uitspraak, par 23).
3. Dit word pertinent in paragraaf 14.1 van die funderende eedsverklaring beweer dat Respondent insolvent is, en nie in staat is om sy skuld te betaal nie en daar dus ‘n basis vir feitlike insolvensie geskep is.
4. Die Agbare Regter in die lig van voorgaande fouteer het deur in te gaan op die vraag van feitlike insolvensie,

terwyl hierdie basis nie duidelik in die funderende eedsverklaring geopper is nie en/of op grond van toelaatbare getuienis geopper is nie, en daar dus geen noodsaak was om op hierdie basis te antwoord nie.”

- [5] Wat bogemelde betref, het Mnr Grewar, namens respondent, betoog dat die bewerings van feitelike insolvensie wat in die funderende verklaring gemaak is, geskoei is op 'n gewaande daad van insolvensie in terme van Artikel 8(b) van die Insolvensiewet, 24 van 1936 (hierinlater na verwys as “die Wet”), dit terwyl ek bevind het dat daar nie 'n behoorlike saak deur applikant uitgemaak is ter bewys van die pleging van sodanige daad van insolvensie nie. Mnr Grewar het verder betoog dat selfs indien wel aanvaar sou word dat applikant beweer het dat respondent feitelik insolvent is, sodanige bewering in ieder geval nie genoegsaam was om 'n aansoek om sekwestrasie te fundeer nie, aangesien, aldus sy argument, applikant dan feitelike redes vir hierdie gevolgtrekking moes gee. In die verband het Mnr Grewar spesifiek gesteun op CORNER SHOP (PTY) LTD v MOODLEY 1950 (4) SA 55 (T) op 59 A – F, sowel as die ander twee sake waarna ek

ook reeds verwys het in paragraaf 21 van my uitspraak. Mnr Grewar het betoog dat hierdie uitsprake nie steun bied aan 'n applikant waar daar nie duidelik gesteun word op feitelike insolvensie en 'n basis daarvoor gelê word nie. Alwaar daar nie 'n spesifieke bewering is dat respondent se laste sy bates oorskry nie, is 'n blote bewering van *de facto* insolvensie 'n opinie sonder enige basis daarvoor, welke ontoelaatbaar is en in welke omstandighede respondent nie op sy hoede geplaas was om op hierdie bewering as basis van die aansoek te antwoord nie. Mnr Grewar het in die verband verwys na die uitspraak in REX v THEUNISSEN 1948 (4) SA 34 (KPA).

Mnr Cilliers het in antwoord op voormelde betoë verwys na die bewerings in paragrawe 11.1, 11.2 en 14.1 van die funderende verklaring waarin daar pertinent, onder andere, beweer is dat dit uit die inventaris blyk dat daar nie genoegsame roerende bates is om aan applikant se eis te voldoen nie, dat respondent *de facto* insolvent is (hoewel daar beweer word “deurdat hy ingevolge Artikel 8(b) van die Insolvensiewet, 24 van 1936, 'n daad van insolvensie begaan het”), dat daar afgelei kan word dat die Balju nie andersins

voldoende vervreembare goed kon vind om aan die vonnis te voldoen nie en, spesifiek in paragraaf 14.1, waar dit beweer is dat respondent tans insolvent is en nie in staat is om sy skuld te betaal nie. Op gronde van voormelde het Mnr Cilliers betoog dat die bevindings wat ek hieromtrent in paragrawe 21 tot 23 van my uitspraak gemaak het inderdaad korrek is in die verband.

- [6] Na behoorlike oorweging van die onderskeie argumente, die regspraak waarna verwys is, die aansoekstukke en my uitspraak, in besonder wat betref paragrawe 21 tot 23 daarvan, is ek oortuig dat daar nie redelike vooruitsigte is dat 'n ander hof tot 'n ander gevolgtrekking sal kom wat hierdie aspekte betref as wat ek in voormelde paragrawe van my uitspraak gedoen het nie. Addisioneel tot dit wat ek reeds in my uitspraak vermeld en bevind het, en met verwysing na die argument deur Mnr Grewar dat die afleiding wat applikant in paragraaf 11.2 van die funderende verklaring gemaak het dat die Balju nie andersins voldoende vervreembare goed kon vind om aan die vonnis te voldoen nie, hoorsê getuienis daarstel deurdat dit nie uit die relaas as sulks blyk nie, meen ek dat hierdie

betoon nie kan opgaan nie. Die afleiding wat applikant hier gemaak het was gebaseer op inligting wat wel in die relaas vervat was en voortspruitend waaruit applikant 'n afleiding gemaak het. Dit kan dus nie hoorsê getuienis daarstel nie. Indien respondent nie met hierdie afleiding saamgestem het nie, het dit uiteraard vir respondent vrygestaan om dan juis hierdie afleiding te weerlê met 'n bewering dat hy wel oor voldoende vervreembare goed beskik, wat nie gedoen is nie; intendeel, respondent het nie eers pertinent hierdie bewering in sy opponerende verklaring ontken nie.

DIE VONNIS EN DIE AARD VAN DIE VORDERING:

- [7] Die tweede basis van respondent se aansoek om verlof om te appelleer is gebaseer op die vonnis en die aard van applikant se beweerde vordering teen respondent, deurdat fouteer is om te bevind dat applikant se vordering bewys is en/of dat daar 'n geldige vonnis is. Dit is op die volgende gronde ooreenkomstig die kennisgewing van aansoek om verlof om te appelleer gebaseer:

“5. Die Agbare Regter fouteer het deur te bevind dat al

waarop die Respondent in die antwoord steun is die bewering dat 'n vonnis verkeerdlik verleen is.

6. Die Agbare Regter het fouteer deur te bevind (par 25 van die uitspraak) dat die bedoeling van die hofbevel was om vonnis te verleen teen beide Verweerders en dat die afwesigheid van 'n "s" net 'n tikfout was.
7. Die Agbare Regter het fouteer deur te bevind dat toestemming tot vonnis die onderliggende gebreke korrigeer as synde 'n nuwe basis vir vonnis; die onderliggende kontrakte irrelevant is en die vonnis gevolglik nie verkeerdlik verleen is nie (uitspraak par 14).
8. Die Agbare Hof het fouteer deur te bevind dat daar 'n geldige vonnis was weens die feit dat 'n lasbrief tot uitwinning uitgereik en uitgevoer is op grond van hierdie vonnis (uitspraak, par 26).
9. Die Agbare Hof het fouteer deur te bevind dat die Applikant reeds 'n aansoek om tersydestelling van die vonnis moet loods en daar nie 'n redelike vooruitsig vir sodanige tersydestelling bestaan nie (uitspraak par. 27 en 28).

10. Die Agbare Hof fouteer het deur nie in terme van die Hof se inherente diskresie sekwestrasie te weier in die lig van die feit dat die Applikant die Agbare Hof met vuil hande genader het weens die faktore soos in paragraaf 4 hierbo gelys deur dus te steun op gesimuleerde kontrakte terwyl Applikant se ware bedoeling was om 'n krediettransaksie aan te gaan as kredietverlener, onder omstandighede waar sodanige kontrakte onwettig was.”

- [8] Ter aanvang moet vermeld word dat die grootste deel van voormelde gronde negeer word deur die feit dat ek in paragraaf 26 van my uitspraak bevind het, met verwysing na gesag, dat die aansoek benader moet word uit die oogpunt dat die vonnis (en die regstappe wat daaruit voortgevloei het) geldend en bindend is totdat dit deur 'n bevoegde hof tersyde gestel word. Addisioneel tot die gesag waarna ek reeds in laasgenoemde paragraaf verwys het, sien ook BUHRMAN v SIDERIS AND ANOTHER 1950 (2) SA 366 (T).

- [9] Wat betref die regspraak waarna in paragraaf 2.1 van die

betoogshoofde namens verwys is, was dit gevalle waar daar juis aansoek gedoen is vir die tersydestelling van die tersaaklike lasbriewe, welke juis nie in die onderhawige geval deur respondent gedoen is nie.

- [10] Verdermeer, soos tereg deur Mnr Cilliers ten tyde van sy betoog uitgewys, het respondent deurentyd in sy opponerende verklaring die vonnis aangeveg, maar op geen stadium openbaar dat hy skriftelik toegestem het tot die vonnis nie. Toe applikant genoodsaak was om as gevolg van respondent se aanveg van die vonnis daarmee te handel in sy repliserende verklaring, het respondent ook op geen stadium aansoek gedoen om te dupliseer ten einde hierdie toestemming tot vonnis te verduidelik of die geldigheid daarvan aan te veg nie. Hierdie feite, tesame met die feit dat respondent tot op datum van die beregting van die bestrede aansoek op geen stadium aansoek gedoen het vir die tersydestelling van die vonnis en/of die lasbrief nie, is vir my, soos deur Mnr Cilliers ook betoog, aanduidend van sy gebrek aan *bona fides*.

- [11] Wat die ander aspekte betref, meen ek dat dit volledig mee

gehandel is in paragrawe 24 tot 37 van my uitspraak, waarby ek volstaan.

[12] Na my mening het respondent dus ook nie met betrekking tot hierdie gronde in die kennisgewing van aansoek om verlof om te appelleer redelike vooruitsigte op sukses op appèl nie.

[13] Gevolglik word applikant/respondent se aansoek om verlof om te appelleer van die hand gewys met koste.

C. VAN ZYL, R

Namens die Applikant/Respondent: Adv D.M. Grewar
In opdrag van:
N.C. Rijkheer Ing.
BLOEMFONTEIN

Namens die Respondent/Aplikant: Adv H.J. Cilliers
In opdrag van:
Christo Dippenaar
Prokureurs
BLOEMFONTEIN